*South African Journal of Education*
Copyright © 2006 EASA
Vol 26(2)319–332

# Ouerbegeleiding — 'n opgawe vir opvoedkundige sielkundiges

**Zelda-Marie du Toit** en **Koos Kok**
jck2@telkomsa.net

***Parental guidance — a task for educational psychologists.*** *Parental guidance within specific educational settings requires distinct emphasis because of parents' unique needs. In order to guide and assist white Afrikaans-speaking Christian parents effectively, it is necessary, firstly, to determine the nature and content of such intervention. This is possible only if the parents' needs regarding the education of their children are known. For this reason, white Afrikaans-speaking Christian parents' needs regarding general educational matters and their need for Christian-based parental guidance on the spiritual education of their children were investigated, with the aim of determining the impact their needs may have in respect of the practice of educational psychology. The data collected indicated that white Afrikaans-speaking Christian parents have a very strong need for guidance regarding the discipline and spiritual education of, and communication with, their children, whilst they appear to have little need for guidance concerning political issues. These findings necessitate that educational psychologists note these parents' strong, weak or divergent parental guidance needs. Educational psychologists should also consider, from the perspective of their field of speciality, which educational matters should be addressed during intervention with these parents, even though these matters are not specifically indicated by the parents as a particular need (such as the political issues). Furthermore, in the event that educational psychologists are not (or do not feel themselves) able to assist these parents on a spiritual level, they should refer them to a Christian counsellor.*

## Inleiding

In 'n heterogene bevolking waarvan die samestelling so kompleks is soos dié van Suid-Afrika, is daar verskeie partikuliere lewensopvattings of lewensbeskouings wat uiteenlopend van aard is en verskillend vertolk word (Bagaria, 1992:1). Vanweë Suid-Afrika se groot verskeidenheid kulture, het dié land, volgens Van Loggerenberg (1994:28), 'n ontsaglike taak om op 'n regverdige wyse beslag te gee aan die kulturele eise van die land se inwoners, ook wat die Christene in hierdie land betref. Die 'Christen-kultuur' kan as een van die mees dinamiese kulture in Suid-Afrika gereken word aangesien 79.8% van alle inwoners in Suid-Afrika hulself tydens die 2001 nasionale sensusopname as Christene identifiseer. Hierdie feit gee verder aanleiding tot die aannames dat Christene in hierdie land 'n belangrike deel van die samelewing uitmaak en dat Suid-Afrika selfs as 'n 'Christelike' land beskou kan word (Prozesky, 1991:36; Saayman, 1995:3; Statistics South Africa, 2001:33).

Tog is die onderskrywing of belyding van die Christelike geloof nie 'n waarborg vir 'n 'Christelike kultuur' nie. Ten spyte van die gemeenskaplike lewensinhoude of lewensbegrippe wat as gevolg van die Christelike geloof voorkom, bestaan daar dus 'n verskeidenheid van 'Christen-tipes' of 'Christen kulture' in die land en is daar nie noodwendig sprake van 'n homogene Christendom as dit by gedrag of die uitlewing daarvan kom nie.

## Navorsingsdoel

Een van Suid-Afrika se 'Christen-kulture' is dié van blanke Afrikaanse Christen-ouers (wat insigself nie noodwendig 'n homogene groep is nie) en dit is spesifiek hierdie groep se behoefte

aan ouerbegeleiding en die daaruit voortspruitende implikasies vir die opvoedkundige sielkundige praktyk, wat in hierdie artikel aan die bod kom. Dit gaan spesifiek net om hierdie groep mense en nie om ander Blankes, ander Afrikaanssprekendes of ander Christene nie. Ter wille van leesbaarheid sal daar na blanke Afrikaanse Christen-ouers voortaan slegs as 'ouers' verwys word.

'n Multikulturele, multireligieuse samelewing soos dié van Suid-Afrika regverdig navorsing van onderskeie (en uiteenlopende) opvoedingspraktyke en opvoedingsbehoeftes van ouers vanuit verskillende sosiale kontekste, om opvoedkundige sielkundiges te adviseer rakende effektiewe begeleiding aan ouers van verskillende religieuse en kulturele agtergronde. Om doeltreffende begeleiding en steun aan ouers te kan bied ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders, is dit noodsaaklik om allereers vas te stel wat die aard en inhoud van sodanige begeleiding behoort te wees. In hierdie ondersoek is gepoog om te peil waaraan ouers 'n behoefte het, ten einde hulle opvoedingstaak tot eie bevrediging te kan verrig.

Die implikasies vir die opvoedkundige sielkundige praktyk wat voortspruit uit ouers se ouerbegeleidingsbehoeftes, word ook in hierdie studie ondersoek. Die oogmerk met die studie is om opvoedkundige sielkundiges te adviseer en sodoende tot effektiewer diens te stel rakende lewensopvattingsensitiewe begeleiding aan blanke Afrikaanse Christen-ouers.

## Navorsingsmotivering

Dit is onbekend op watter wyse ouers hulle opvoedingstaak in die globalisering van die wêreld in die informasie-era ervaar. Dit is ook nie seker watter moontlike opvoedingsproblematiek vir ouers in die veranderende Suid-Afrika bestaan nie. Volgens Du Toit (2004:242) wil dit voorkom asof ouers meer onafhanklik lewe ten opsigte van verbintenisse aan die familie, die gemeenskap, die kerk en die staat as wat voorheen die geval was, wat tot gevolg het dat die selfbestemmingsreg van ouers oor die opvoedingsdoelstellings groter is as ooit tevore.

Giardina (1983:801) stel dit dat ouers in 'n bepaalde sosio-ekonomiese konteks 'n eiesoortige lewens- en wêreldbeskouing asook 'n eiesoortige lewenstyl het wat die opvoeding en sosialisering van hulle kinders op unieke wyse beïnvloed. Die begeleiding van ouers in 'n spesifieke opvoedingsmilieu kan dus vanweë eiesoortige behoeftes, wat nie noodwendig van toepassing is op alle opvoeders nie, bepaalde beklemtonings vereis. Daar behoort dus aansluiting gevind te word by die behoeftes wat hierdie ouers in hulle opvoedingsopgaaf ervaar. Die hedendaagse samelewing, met al die veranderde en veranderende omstandighede, het 'n toenemende behoefte aan ouerbegeleiding by ouers tot gevolg. Hierdie toenemende behoefte aan opvoeding en ouerbegeleiding vereis 'n dinamiese benadering wat tred hou met die tyd (Giardina, 1983:801-802; Ferreira, Pretorius & Odendaal, 1996:61).

### Toenemende behoefte aan ouerbegeleiding

Oor die afgelope 50 jaar het daar by ouers sowel as by professionele persone 'n merkbare groei in die belangstelling in ouerbegeleiding plaasgevind (Du Toit, 2004:121). Hiermee saam was daar 'n toename in verskillende benaderings en beskikbare materiaal oor ouerbegeleiding (Botes, 1991:138). Robinson (1985:1) merk op dat dit al hoe meer vir ouers mode geword het om 'n ouerbegeleidingsprogram by te woon of om 'n sielkundige boek oor dié onderwerp te lees. Hierdie programme het juis in populariteit toegeneem, omdat dit volgens Robinson (1985:1) moontlik 'n noodkreet vanaf die ouers aan die sogenaamde deskundiges was. Volgens Eloff (1982:8) word ouers se behoefte aan professionele onderrig oor die opvoeding van hulle

kinders geïllustreer deur die toename in die getal verskillend geformuleerde ouerbegeleidingsprogramme, die aantal praktisyns in verskillende dissiplines wat ouerbegeleiding as 'n terapeutiese hulpmiddel gebruik en die toenemende mate waarin navorsing oor ouerbegeleiding gedoen word.

Hoewel baie gedoen word om mense die nodige tegniese en beroepkundige vaardighede aan te leer, word ouers op 'n onvolledige wyse voorberei vir die eise en verantwoordelikhede van ouerskap (Van Wyk, Eloff & Heyns, 1984:14). Die 'probeer-en-trefmetode' van opvoeding waarna soveel ouers hulle toevlug met veral die eerste kind neem, het dikwels volgens Eloff (1982:4) rampspoedige gevolge. Kinders word daagliks benadeel deur bepaalde ouerskappraktyke, omdat die ouers byna onbewustelik tot ouerskap toegetree het, of omdat hulle in reaksie op allerlei sosiale eise hulle weerstand op hulle kinders projekteer. Ouers voel soms oorweldig deur verantwoordelikhede rondom ouerskap wat hulle nie vooraf verwag het nie. Sommige ouers dra hulle eie opvoedingspatrone na hulle kinders oor as gevolg van 'n gebrek aan alternatiewe modelle, ten spyte van hulle eie negatiewe belewenis daarvan en ten spyte daarvan dat die behoeftes van vandag se kinders verskil van dié van kinders van vorige eras. Onkunde kom in 'n groot mate voor en verbasend baie ouers het 'n beperkte begrip van wat normale gedrag van kinders in bepaalde ontwikkelingsfases is. Baie ouers dra min kennis van relatief eenvoudige ouerskapsvaardighede wat hulle tot hulle kinders se voordeel kan aanwend en waardeur hulle hul eie spanning kan verminder (Baker, 1993:38). Hoewel die meeste kinders self uiteindelik ouers word, kry hulle weinig opleiding of ervaring in hierdie verband, en word daar van hulle verwag om bloot ander se voorbeeld te volg of instinktief te weet hoe om ouers te wees (Baker, 1993:39). Volgens Geel (1991:1) is ouers dikwels onseker hoe om opvoedingsprobleme te hanteer.

## Verswarende opvoedingsopgaaf in die teenwoordige era

Die veranderende globaliserende wêreld gee aanleiding tot onsekerhede by ouers ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders. Die teenwoordige era word gekenmerk deur snelle verandering, waarvan die gevolge die kwesbaarmaking van die eietydse kerngesin is, wat weer aanleiding kan gee tot ontoereikende opvoeding (Pretorius, 1990:51-53). Louw (1991:450) vind dat die onsekerheid in die moderne samelewing reeds sulke afmetings aangeneem het, dat die mens begin glo het dat hy nie langer in staat is om sy eie behoeftes of nood en hunkeringe te bepaal nie, maar dat sogenaamde 'kenners' dit namens hom moet doen. Ferreira *et al*. (1996: 61) is ook van mening dat opvoedingsonsekerheid as gevolg van veranderende omstandighede tot gevolg het dat 'n toenemende behoefte aan ouerbegeleiding by ouers as opvoeders ontstaan het.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks wys Engelbrecht (1996:894) daarop dat:

> baie mense in Suid-Afrika klaarblyklik die politieke, ekonomiese, maatskaplike, kulturele en veral godsdienstige situasie soos dit gedurende die afgelope jare verloop het, as traumaties beleef. Dit lyk asof baie mense 'n gevoel het dat alles wat die moeite werd was om voor te lewe, besig is om inmekaar te tuimel, as dit nie in elk geval reeds finaal verdwyn het nie.

Greeff, Beukes & Esterhuyse (2004:144) stel dit dat die demokratisering van Suid-Afrika in 1994 tot gevolg gehad het dat verskeie veranderinge aan die politieke, ekonomiese en sosiale sisteme van die land aangebring is in terme van die nuwe Grondwet (1996), terwyl Naude (2000:2) daarop wys dat dit juis sommige blanke Suid-Afrikaners is wat moeilik aanpas en

trauma ervaar. Volgens Naude (2000:2) kom

> [o]pgekropte gevoelens van pyn, woede, frustrasie, magteloosheid en ontnugtering [voor] as gevolg van die verwonding van die ou idealisme, lewensverlies aan die grens en in die misdaadgeweld van die nuwe Suid-Afrika, veranderende waardes en talle onsekerhede, onder meer oor taal, kultuur, onderwys en loopbaangeleenthede.

Die verswarende opvoedingsopgaaf waarin ouers hulself in die teenwoordige era bevind, en die feit dat ouers nie meer die opvoedingspraktyke van húlle ouers slaafs kan navolg nie, lei volgens Dicker, Ferreira & Pretorius (1996:140) waarskynlik tot 'n behoefte by ouers aan kennis, vaardighede en insigte om hulle vir hulle opvoedingstaak toe te rus. Kok (1992:91) is van mening dat ouers in baie gemeenskappe begeleiding en voorligting nodig het met betrekking tot ouerskap, opvoedingsaangeleenthede, kinderversorging, die gesinslewe, arbeidsingesteldheid, finansiële bestuur en omgewingsversorging.

Die hedendaagse samelewing, wat sy sosio-ekonomiese, sosiaal-maatskaplike, godsdienstige en politieke struktuur betref, is anders as dié waarin ouers en kinders in die verlede grootgeword het. Ouerbegeleiding behoort daarom juis ook gebaseer te wees op 'n volledige en gedetailleerde begrip van die teenwoordige era se opvoedingsproblematiek waarin ouers hulle bevind, om sodoende lewensopvattingsensitiewe ouerbegeleiding daar te kan stel. Die opvoedkundige sielkundige behoort egter nie net moontlike opvoedingproblematiek van die ouers in die teenwoordige era aan te spreek nie, maar moet ook aansluiting vind by die lewensbeskouing van die ouers met inagneming van die kulturele en religieuse agtergrond waarin dit gevorm is. Die moontlikheid bestaan dus dat aanpassings in die opvoedkundige sielkundige praktyk nodig mag wees.

### Die opvoedkundige sielkundige praktyk

Ouerbegeleiding maak 'n integrale deel van die opvoedkundige sielkundige praktyk uit. Buys (1991:117) merk op dat elke komponent van die kundigheidsraamwerk van die opvoedkundige sielkunde, begeleiding aan ouers veronderstel. Ouerbegeleiding word deur Du Toit (2004:15) samevattend gedefinieer "as die bied van begeleiding/steungewing/hulpverlening aan ouers as primêre opvoeders". Ouerbegeleiding, volgens Du Toit (2004:15) is daarop gerig om ouers in staat te stel om hulle opvoedingstaak effektief en na behore uit te voer, om die ouers te begelei sodat hulle oor die nodige kennis en vaardighede kan beskik ten einde aan hulle kinders 'n bepaalde kwaliteit begeleiding en opvoeding te kan bied. Tydens die proses van volwaardige volwassewording geskied opvoeding binne 'n besondere lewensopvattingsperspektief (Lugg, 1991:81; Möller, 1991:81; Jansen, 1993:38). Omdat 'n lewensopvatting geen neutrale aangeleentheid is nie, kan daar volgens Breitenbach (1988:134) ook nooit sprake van neutrale opvoeding wees nie. Volgens Du Toit (2004:15) maak dit sin dat ouerbegeleiding lewensopvattingsensitief aangebied behoort te word.

## Empiriese navorsing

Die bespreking hierbo toon aan dat daar nie voldoende resente, empiriese inligting aangaande die ouerbegeleidingsbehoeftes van ouers bestaan om opvoedkundige sielkundiges in staat te stel om hierdie ouers in die teenwoordige tyd na behore tot diens te wees nie. Vir hierdie rede is empiriese navorsing in verband met blanke Afrikaanse Christenouers se ouerbegeleidingsbehoeftes onderneem.

## Navorsingsinstrument en steekproefgrootte

'n Nie-waarskynlikheidsprosedure is gevolg en 'n doelbewuste steekproefneming van blanke Afrikaanse Christenouers van kinders in Graad 1, Graad 2 en/of Graad 3 is gedoen. 'n Doelbewuste steekproefneming word dikwels gebruik as meetinstrument wanneer klein steekproewe uit groot populasies geneem moet word. Volgens Marshall (1997:57) lewer doelbewuste steekproewe beter beskrywende data as ewekansige steekproewe wat op sy beurt weer beter is wanneer die doel is om 'n fenomeen te verduidelik of voorspellings te maak.

Vier skole is by die ondersoek betrek, waarvan twee plattelandse skole en twee stedelike skole is wat wissel van hoë, middel en lae sosio-ekonomiese omgewings. 'n Totaal van 732 vraelyste is uitgedeel waarvan 440 bruikbare vraelyste terug ontvang is.

Die vraelys het uit 23 items bestaan, wat op 'n Likert-tipe 5-puntskaal ontwerp is, waarop gereageer kon word. Die betrokke items verskyn op Figuur 1. Die navorsing was beskrywend van aard, derhalwe is slegs nie-parametriese verwerkingstegnieke gebruik. Slegs frekwensies en persentasies wat gerangorde is, word hier aangebied.


Streng gesproke is die resultate van hierdie ondersoek slegs van toepassing op die populasie van die vier skole waar die navorsing gedoen is, maar dit is egter denkbaar dat soortgelyke bevindinge by ander Christen-populasies in Suid Afrika, wat ook Afrikaanssprekend en blank is, gevind sal kan word.

## Resultate en bespreking


Om die leser 'n visuele voorstelling van resultate te bied, word Du Toit (2004:231-236) se ondersoek na blanke Afrikaanse Christen-ouers se behoefte aan ouerbegeleiding beskryf aan die hand van 'n grafiese voorstelling van frekwensies (Figuur 1), wat gerangskik is vanaf hoogste tot laagste persentasie.

Figuur 1 toon aan dat ouers

- die sterkste behoefte aan ouerbegeleiding toon ten opsigte van dissipline, die geestelike opvoeding van hulle kinders en kommunikasie;
- sterk behoefte toon aan ouerbegeleiding rakende leerprobleme, hulle kinders se skoolleer (bv. hulp met huiswerk en leer vir toetse/eksamens), geslagsopvoeding (opvoeding rakende seksualiteit), kinderontwikkeling en kindergedrag;
- in 'n mindere mate 'n behoefte toon aan ouerbegeleiding ten opsigte van probleme en versteurings by kinders, inligtingstegnologie (lewe in die informasie-era) en die hantering van kompetisie (tussen maats/sibbe) by hulle kinders;
- min behoefte toon aan ouerbegeleiding ten opsigte van die begeleiding van hulle kinders rakende politieke sake en die hantering van politieke kwessies;
- die minste behoefte aan ouerbegeleiding toon ten opsigte van die volgende: substans misbruik (alkohol en/of dwelms), die hantering van oneerlikheid, begeleiding aan hulle kinders ten opsigte van geldsake (bv. sakgeld kwessies), sibbe konflik, heteroseksuele verhoudinge, verhoudings met grootouers en hersaamgestelde gesinne.
- uiteenlopende behoeftes aan ouerbegeleiding toon ten opsigte van lewenswaardes en lewensnorme, die hantering van wangedrag, die hantering van woedebuie en sosialisering van kinders (interaksie met maats).




Figuur 1 Grafiese voorstelling van die ouers se behoefte aan ouerbegeleiding




Figuur 1 Grafiese voorstelling van die ouers se behoefte aan Christelik gefundeerde ouerbegeleiding rakende die geestelike opvoeding van hulle kinders

### Ouers se behoefte aan Christelik gefundeerde ouerbegeleiding rakende die geestelike opvoeding van hulle kinders

'n Beskrywing van ouers se behoefte aan Christelik gefundeerde ouerbegeleiding rakende die geestelike opvoeding van hulle kinders word gedoen aan die hand van 'n grafiese voorstelling van frekwensies in Du Toit (2004:238) se ondersoek (Figuur 2). Data word visueel voorgestel om interpretasie van die data te vergemaklik en 'n geheelbeeld daar te stel.

Uit Du Toit (2004:259) se ondersoek is dit baie duidelik dat ouers 'n besonderse groot behoefte aan ouerbegeleiding het rakende die geestelike opvoeding van hulle kinders. Aangeleenthede waaraan dié ouers 'n definitiewe behoefte aan begeleiding toon, (gerangskik van groot na klein) is onder andere: hulle kinders se persoonlike verhouding met God, hulle kinders se uitleef van Bybelse beginsels, geestelike begeleiding ten opsigte van gebed, geestelike ontwikkeling van hulle kinders, geestelike oorlogvoering, geestelike begeleiding ten opsigte van Bybelkennis en lofprysing, en die oordra van die leerstellings van die kerk aan hulle kinders (Du Toit, 2004:259).

## Implikasies vir die opvoedkundige sielkundige praktyk

Om die inhoud van begeleiding aan ouers te bepaal, behoort opvoedkundige sielkundiges volgens Du Toit (2004:262) noodwendig kennis te dra van die ouers se spesifieke behoeftes. Opvoedkundige sielkundiges behoort bewus te wees van die moontlikheid dat ouers baie sterk behoefte aan ouerbegeleiding toon ten opsigte van dissipline, die geestelike opvoeding van hulle kinders en kommunikasie. Verdere sterk behoeftes aan ouerbegeleiding bestaan moontlik ook rakende leerprobleme, hulle kinders se skoolleer, geslagsopvoeding asook kinderontwikkeling en kindergedrag. Ouers toon min behoefte aan ouerbegeleiding ten opsigte van die begeleiding van hulle kinders rakende politieke sake en die hantering van politieke kwessies. Ten einde ouers se spesifieke behoeftes aan te spreek, behoort opvoedkundige sielkundiges kennis daarvan te dra dat dié ouers die minste behoefte toon aan ouerbegeleiding rakende die volgende: substans misbruik, die hantering van oneerlikheid, begeleiding van kinders ten opsigte van geldsake, sibbe konflik, heteroseksuele verhoudinge, verhoudings met grootouers en hersaamgestelde gesinne.

Vanuit die opvoedkundige sielkundige kundigheidsraamwerk behoort daar egter ook volgens Du Toit (2004:265) besin te word oor watter opvoedingsaangeleenthede (alhoewel nie noodwendig 'n behoefte by die ouers nie) aangespreek behoort te word. Dit word as opvoedkundige sielkundiges se taak geag om dié ouers te begelei in die opvoeding van hulle kinders tot effektiewe aangepaste lede van die samelewing. Alhoewel die ouers byvoorbeeld nie 'n behoefte aan begeleiding rakende politieke sake en die hantering van politieke kwessies blyk te toon nie, behoort hulle egter begeleiding te ontvang rakende hulle opvoeding van hulle kinders tot politieke geletterdheid (wat as noodsaaklikheid in 'n Suid-Afrikaanse konteks beskou word). Opvoedkundige sielkundiges behoort kennis rakende ouers se behoeftes aan ouerbegeleiding dus ook aan te wend om leemtes wat by die ouers se opvoeding voorkom, aan te spreek. Dit is logies dat ouers ook behoefte aan begeleiding kan hê wat nie noodwendig in Du Toit (2004:267) se studie vervat is nie (of selfs van die studie kan verskil). Opvoedkundige sielkundiges behoort dus steeds deur assessering elke unieke gesinsisteem se behoeftes te bepaal.

## Lewensopvattingsensitiewe ouerbegeleiding

Ouerbegeleidingsprogramme word ontwikkel op die implisiete, indien nie eksplisiete, voorveronderstellings dat sekere ouerskapstyle sekere effekte op die gedrag en ontwikkeling van kinders sal hê (De Vos, 1995:68). Ouer-kind-verhoudings bly egter ingewikkeld en persoonlik en wat vir een gesin geld, geld nie noodwendig vir almal nie. Kinderopvoedingspraktyke kan nie veralgemeen word ten einde alle ouers van 'n 'bloudruk' vir kinderopvoeding te voorsien nie. Die individuele ouer moet die geleentheid gebied word om op sy unieke manier beginsels operasioneel te maak ten einde self uit te vind watter gesindhede en optredes in 'n spesifieke gesin se situasie die beste resultate sal lewer (Eloff, 1982:25). Die ouer moet volgens Pretorius (1993:72) ook die geleentheid gegun word om kennis (wat deur middel van die verskaffing van inligting bekom is) en ontwikkelingsvaardighede te kombineer met persoonlike behoeftes, eienskappe en potensiaal.

Navorsing toon dat baie ouers, ongeag hulle sosiale status en sosio-kulturele milieu, bepaalde behoeftes en leemtes met betrekking tot die opvoeding van hulle kinders ondervind en dus aangewese is op ouerbegeleiding. Die begeleiding van ouers in verskillende sosio-ekonomiese milieus, wat kan wissel van 'n welvarende omgewing tot 'n agtergeblewe gemeenskap, noodsaak bepaalde beklemtonings wat rekening hou met, en relevant is tot die eiesoortige behoeftes wat hierdie ouers in die opvoeding van hulle kinders ervaar (Ferreira, 1994:18).

Ouerbegeleiding in 'n multi-kulturele praktyk, soos dié van Suid-Afrika, impliseer egter nie dat die opvoedkundige sielkundige 'n kitsdeskundige met betrekking tot kultureel andersoortige persone moet word nie, maar dat hy voortdurend daarna moet strewe om die kulture van ander mense te leer ken en begryp, om te kan weet hoe hulle hul eie situasies interpreteer, wat hulle lewens- en wêreldbeskouing behels, en watter waardes hulle huldig (Pretorius & Pienaar, 1997:13).

Die opvoedkundige sielkundige moet volgens Pretorius & Pienaar (1997:14) leer om duidelik te onderskei tussen:

- *Kultuur-algemene gedragspatrone* — aspekte van menslike gedrag wat universeel aangetref word. Beery *et al.* (1992:29 soos aangehaal deur Pretorius & Pienaar, 1997:14) is van mening dat daar groot ooreenkomste tussen kulture bestaan met betrekking tot die wyse waarop moeders hulle kinders grootmaak.
- *Kultuur-spesifieke gedragspatrone* — aspekte van menslike gedrag wat slegs in bepaalde kulture voorkom. Luster & Okagaki (1993:36 soos aangehaal deur Pretorius & Pienaar, 1997:14) stel dit dat ouers van verskillende opvoedingstrategieë gebruik maak, met die oog op die bereiking van algemene doelstellings wat in alle kulture voorkom. Hierdie spesifieke ouerlike opvoedingstrategieë (kultuur-spesifieke gedragspatrone) wat in 'n bepaalde kultuur gebruik word, word beïnvloed deur die milieu waarin die gesin hulle bevind.

Uit De Vos (1995:27) se navorsing het dit duidelik geword dat 'n inheemse ouerbegeleidingsprogram met 'n onomstootlik Christelike grondslag, en wat geskik is en gerig is op die opvoedingsbehoeftes van ouers in die Suid-Afrikaanse situasie aan die begin van die 21ste eeu ontwikkel moes word. De Vos (1995:91) stel dat dit raadsaam sal wees dat 'n behoeftebepaling of probleemformulering uitgevoer word voordat nuwe ouerbegeleidingsprogamme aangepak word.

## Christelik gefundeerde ouerbegeleiding

Kok (2000:3) stel die feit dat die mens in wese 'n geestelike wese is en nie net 'n psigies-fisiese

een nie. Kliënte se geloof en geloofsisteme, volgens Kok (2000:9), word egter grotendeels binne die geesteswetenskappe geïgnoreer. Volgens Lukoff (2002:1) is geestelike belewings en religie op die terrein van geestesgesondheid die afgelope honderd jaar grootliks geïgnoreer. Peck, soos aangehaal deur Lukoff (2002:1), meen dat:

> Traditional neglect of the issue of spiritually has led to five broad areas of failure:
> - occasional devastating misdiagnosis;
> - not infrequent mistreatment;
> - an increasingly poor reputation;
> - inadequate research and theory; and
> - a limitation of psychiatrists' own personal development.

Lukoff (2002:13) is wel van mening dat "the mental health field is growing more sensitive to religion and spirituality as important factors in health and well-being" maar wys daarop dat:

> Psychologists' understanding and support of cultural diversity has been exemplary with respect to race, gender, and ethnicity but the profession's tolerance and empathy has not adequately reached the religious client.

Lukoff (2002:4-5) is van mening dat die ignorering van geestelike aangeleenthede en religie in die velde van psigopatologie en geestesgesondheid daartoe aanleiding gegee het dat navorsing rakende religie verwaarloos is en dat dit aanleiding gegee het tot kliniese onsensitiwiteit teenoor individue se religieuse en geestelike behoeftes.

Pretorius & Van As (2003:280-281) verklaar die redes vir die voorgenoemde ignorering van religie deur die sielkundige praktyk vanuit 'n Christelike benadering soos volg:

> In the light of Christian doctrine, the human being comprises body, soul and spirit (1 Thessalonians 5:23). It can thus be assumed that there is a difference between the aim and purpose of a Christian counsellor and that of a psychiatrist or psychologist, mainly defined by the emphasis each places on different aspects of being human. We should recall the point made by Solomon (1973:20) who argues that the help Christians are supposed to provide is effectively blocked because this role has been assumed by mental health professionals.

Sielkundiges het egter 'n etiese verantwoordelikheid om bewus te wees van sosiale en kulturele verskille wat 'n invloed op hulpverlening mag hê (American Psychological Association, 2002: 5). Die etiese gedragskode vir sielkundiges geregistreer by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, stel in hierdie verband die volgende: "Psychologists shall make every effort to ensure that language-appropriate and culture-appropriate services are made available to clients" (The Professional Board for Psychology, 2002:5). Sielkundiges binne Suid-Afrikaanse verband word daarop gewys dat: "Psychologists shall respect the right of others to hold values, attitudes, beliefs, and opinions that differ from their own" (The Professional Board for Psychology, 2002:5). Jackson (2004:1) stel dit duidelik dat 'n professionele terapeut altyd die kliënt se waardes, opinies en versoeke behoort te respekteer. Vir Christene spesifiek is dit volgens Focus on the Family (2004:1) belangrik dat terapeute hulle Christelike oortuigings respekteer en nie hulle geloof ondermyn nie.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks word Kok (2000:4) soos volg aangehaal:

> Sielkundiges en opvoedkundiges (menswetenskaplikes) sal die geloof en geloofsisteme van mense deeglik moet leer ken en in ag neem as hulle 'n betekenisvolle en gewaardeerde diens aan die publiek wil lewer. Gedurende die laaste tien tot twintig jaar het dit al hoe duideliker geword dat mense is wat hulle is en doen wat hulle doen op basis van wat hulle

glo in verband met hulself, ander, die wêreld, hulle situasie, die verlede en die toekoms. Wanneer daar dan spesifiek verwys word na blanke Afrikaanse Christen-ouers se behoefte aan ouerbegeleiding sal dié ouers se behoefte aan spesifiek Christelik gefundeerde begeleiding rakende die geestelike opvoeding van hulle kinders nie buite rekening gelaat kan word nie (Du Toit, 2004:139).

Ouers se groot behoefte aan ouerbegeleiding rakende die geestelike opvoeding van hulle kinders, behoort deur opvoedkundige sielkundiges aangespreek te word. Aangeleenthede waarvoor dié ouers volgens Du Toit (2004:268) 'n definitiewe behoefte aan begeleiding toon, is onder andere die geestelike begeleiding van hulle kinders ten opsigte van die kinders se persoonlike verhouding met God, die kinders se uitleef van Bybelse beginsels, gebed, geestelike ontwikkeling van die kinders, geestelike oorlogvoering, Bybelkennis, lofprysing en die oordra van die leerstellings van die kerk aan die kinders. Du Toit (2004:268) is van mening dat indien opvoedkundige sielkundiges, as gevolg van persoonlike geloofsoortuigings, nie daartoe in staat is of in staat voel om dié ouers op so 'n geestelike vlak te bedien nie, die ouers verwys behoort te word na Christelike begeleiers, hetsy sielkundiges of beraders.

Uit hierdie ondersoek na die opgaaf wat blanke Afrikaanse Christen-ouers se ouerbegeleidingsbehoefte aan die opvoedkundige sielkundige praktyk stel, is dit duidelik dat indien opvoedkundige sielkundiges binne die Suid-Afrikaanse konteks effektiewe diens aan ouers wil verseker, hulle aansluiting sal moet vind by dié ouers se unieke ouerbegeleidingsbehoeftes.

## Summary

As an integral part of educational psychology, parental guidance aims at equipping parents as primary caregivers through acquiring knowledge, attitudes, values and skills relevant to ensuring their children's optimal development within a specific educational setting (Du Toit, 2004:16). A multi-cultural, multi-religious society such as South Africa justifies researching the diverse educational needs of parents from different social, religious and cultural backgrounds in order to advise education psychologists on how to guide such parents effectively. This study aimed to ascertain the needs of white Afrikaans-speaking Christian parents regarding the education of their children. In order to develop guidelines for parents, educational psychologists should take note of their specific needs (Du Toit, 2004:262). Educational psychologists should be aware that white Afrikaans-speaking Christian parents have a very strong need for guidance regarding the discipline and spiritual education of and communication with their children. Further strong parental guidance needs exist regarding such matters as learning problems, schooling, sex education, development and behaviour. White Afrikaans-speaking Christian parents seem to have little need for guidance concerning political issues, and educational psychologists should take note that these parents show the least need for guidance concerning substance abuse, dishonesty, money matters, sibling rivalry, heterosexual relationships, relationships with grandparents and reconstructed families.

Because of the fact that diverse needs may exist, it is also important that educational psychologists judge whether the following educational matters should be addressed during parental guidance sessions: life values and norms, dealing with misbehaviour, dealing with temper tantrums and socializing of children. According to Du Toit (2004:265) educational psychologists should always reflect on which educational matters to address during intervention sessions, even when not expressed as a need of the parents. Educational psychologists have a responsibility to guide parents in educating their children to become effective, well-adjusted members

of society. Even though white Afrikaans-speaking Christian parents do not show a specific need for parental guidance regarding political issues, it is considered necessary, within the South African context, to guide these parents to lead their children towards political literacy. Educational psychologists should apply their knowledge of white Afrikaans-speaking Christian parents' guidance needs to address shortcomings in these parents' child-rearing practices. It is inevitable that white Afrikaans-speaking Christian parents may have needs that are not referred to in this study. Educational psychologists should therefore ascertain the needs of every unique family system through assessment.

Educational psychologists should address the strong need for parental guidance of white Afrikaans-speaking Christian parents regarding the spiritual education of their children. According to Du Toit (2004:268) these parents show a definite need for parental guidance regarding the following: their children's personal relationship with God, living of Biblical principles, prayer, spiritual development of children, spiritual warfare, Bible knowledge, praise and worship and teaching of church doctrine. Du Toit (2004:268) is of the opinion that in cases where, due to personal beliefs, educational psychologists do not feel themselves able to assist these parents on a spiritual level, they should refer them to a Christian counsellor.

This study investigated the effect of white Afrikaans-speaking Christian parents' guidance needs on the practice of educational psychology. From the study it became clear that, in order for educational psychologists to intervene and serve effectively within the South African context, they should always take parents' unique parental guidance needs into account.

## Verwysings

American Psycological Association 2002. *Ethical principles of psychologist and code of conduct*. Available at http://www.internetguides.com/cgi-in/frameit5.cgi?url=http://www. apa/org/ethics/.

Bagaria F 1992. Die opvoedingsideologieë van enkele politieke groeperinge in Suid-Afrika. MEd-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Baker S 1993. Ouerbegeleiding vir werkende moeders. MA-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Botes ECF 1991. Die evaluering van 'n ouerbegeleidingsprogram vir die huisouer in die kinderhuis. MEd-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Breitenbach TC 1988. Die Afrikaanse Ouervereniging (AOV): 'n ouervereniging vir Christelike opvoeding en onderwys. *Die Unie*, 85:133-137.

Buys E 1991. Riglyne vir ouerbegeleiding as taak van die opvoedkundige sielkundige. MEd-skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

De Vos AS 1995. *Die ontwikkeling en evaluering van 'n inheemse ouerbegeleidingsprogram. Koöperatiewe navorsingsprogram oor die huweliks- en gesinslewe*. Pretoria: RGN.

Dicker A, Ferreira GV & Pretorius JWM 1996. Ouerbegeleidings-behoeftes van die milieubenadeelde ouer ten opsigte van sy kleuter. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36:139-145.

Du Toit Z 2004. Blanke Afrikaanse Christenouers se opvoedingsleer-implikasies vir die opvoedkundige sielkundige. DEd-proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Eloff ME 1982. Die evaluering van 'n ouerbegeleidingsprogram. MA-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Engelbrecht JJ 1996. Die houding van die openbaring van Johannes teenoor kultuur. *Hervormde Teologiese Studies*, 52:894-909.

Ferreira GV 1994. Ouerbegeleiding in 'n multikulturele samelewing: die identifisering van leerbehoeftes en die ontwerp van relevante strategieë. In: Sinopsisbundel saamgestel van die 1994-kongres van die Opvoedkunde-vereniging van Suid-Afrika.

Ferreira GV, Pretorius JWM & Odendaal M 1996. Die ontwikkeling van die milieubegunstigde

kleuter: opvoedings- en ouerbegeleidings-implikasies. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36:61-63.
Focus on the family 2004. *ADHD and finding a psychologist*. Available at http://www.family.org/fmedia/askdrbill/a0028066.cfm
Geel VB 1991.'n Ouerbegeleidingsprogram ten opsigte van stres-hantering by die leergestremde kind. MEd-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
Giardina LM 1983. *A family systems approach to parent education: and integration of the structural family model and parent education*. Michigan: University Microfilms International.
Greeff S, Beukes R & Esterhuyse K 2004. Die verband tussen konserwatisme en kognitiewe buigsaamheid by Suid-Afrikaanse adolessente. *Acta Academica*, 36:144-171.
Jackson R 2004. *Guidelines for selecting a counsellor*. Available at http://www.pureintimacy.org/gr/intimacy/redemption/a0000152.cfm
Jansen CA 1993. Ouerbegeleiding in 'n kontemporêre samelewing. DPhil-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
Kok JC 1992. 'n Volwassenheidsbeeld wat rigtinggewend vir die onderwys in SA kan wees. *Navorsingsverslag aan die RGN: Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
Kok JC 2000. Gedrag, geloof en die opvoedkundige. BF Nel-gedenklesing gelewer 18 Mei 2000, Universiteit van Pretoria.
Louw GJJ 1991. Die sogenaamde moderne opvatting van seksualiteit en die implikasie daarvan vir die opvoeding. *Koers*, 56:447-461.
Lugg K 1991. Riglyne vir die begeleiding van enkelouers. MEd-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
Lukoff D 2002. DSM-IV: religious and spiritual problems. Available at http://www.internetguides.com/dsm4/lesson1_1.html
Marshall P 1997. *Research methods: how to design and conduct a successful project*. Plymouth: How To Books, Ltd.
Möller T 1991. Georganiseerde ouergemeenskap en opvoedende onderwys. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 11:81-84.
Naude CM 2000. *Boetman: wat nou? Vraag is waarheen ope brief sal lei*. Beskikbaar by http://152.111.1.251/argief/berigte/beeld/2000/05/11/14/10.html.
Pretorius AM 1993. Die ontwikkeling en evaluering van 'n ouerbegeleidingsprogram vir die enkelouergesin. DPhil-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
Pretorius FJ & Van As KH 2003. The need for more Christian counsellors. *Koers*, 68:279-293.
Pretorius JWM 1990. *Opvoeding, samelewing, jeug. 'n Sosiopedagogiek leerboek*. Pretoria: Van Schaik.
Pretorius JWM & Pienaar MA 1997. Die nut en geldigheid van tipies-westerse ouerbegeleidingsinhoude vir 'n multikulturele opvoedkundig-sielkundige praktyk. *Journal of Education and Training,* 18:1-16.
Prozesky M 1991. The challenge of other religions for Christianity in South Africa. *Journal of Theology for Southern Africa*, 74:35-45.
Robinson LM 1985. 'n Sisteembenadering tot die aanbieding van ouerbegeleiding. MA-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
Saayman W 1995. Re-evangelizing the new South Africa. *Journal of Theology for Southern Africa*, 92:3-10.
Statistics South Africa 2001. *Census 2001: primary tables South Africa*. Pretoria: Statistics South Africa. Available at http://www.statssa.gov.za/census01/html/default.asp
Suid-Afrika 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Nr 108 van 1996 soos op 8 Mei 1996 aangeneem en op 11 Oktober 1996 gewysig deur die Grondwetlike Vergadering.* CD-ROM.1997. Logos Information Systems.

The Professional Board for Psychology 2002: *Ethical code of professional conduct*. Available at http://web.uct.ac.za/depts/psychology/research/Ethics%20Code.doc

Van Loggerenberg GD 1994. Opvoeding tot menseregte: godsdiens, taal en kultuur. MEd-skripsie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Van Wyk JD, Eloff ME & Heyns PM 1984. Die evaluering van 'n ouerbegeleidingsprogram. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sielkunde*, 14:14-19.

## Outeurs

**Koos Kok** is Spesiale Professor in opvoedkunde aan die Universiteit van Johannesburg. Sy fokus is tans op die verband tussen geloof en gedrag. Hy is outeur/mede-outeur van etlike boeke sowel as publikasies in geakkrediteerde tydskrifte en oud-Voorsitter en bestuurslid van die Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika.

**Zelda-Marie du Toit** is 'n opvoedkundige sielkundige wat in Ermelo praktiseer en hoofsaaklik blanke Afrikaanssprekende Christen-ouers begelei. Sy het haar doktorsgraad in 2005 aan die Universiteit van Johannesburg verwerf.